



Parkieland  
H/V Anderson - en  
Thomas Edisonstraat  
Menlopark 0081  
Tel: 012 460 1976  
Faks: 012 460 1976  
parkieland@menlolaer.co.za  
www.parkieland.co.za

19 Januarie 2022  
Nuusbrief No 2

Liewe Ouers,

Dit is heerlik om te rapporteer dat dit goed gaan met die kleuters in hulle onderskeie klassies. Daar is enkele traantjies, maar ons kan nie kla nie, die kinders se inskakeling gaan eintlik goed. Die jaar spring weg met 'n vaart, maar ons is gereed!

**Mamma-aand: LET ASSEBLIEF OP DAT DIE DATUM VERANDER: 24 Januarie 2022 om 18:00:**

- Jammer dat ons die datum moet verander, maar daar is inligtingsaand by die Laerskool ook op 25 Januarie.
- Ons gaan vir u die formele Mamma-aand uitnodiging aanstuur. Laat weet asseblief u klasonderwyseres of u dit gaan bywoon.
- Ons bespreek die dagprogram en opvoedkundige aspekte waarby u sal baatvind om te weet hoe dit in die klas hanteer word.

**Parkielandsakke:**

- Nou gaan ons op die Mamas se kreatiwiteit staatmaak!
- Versier asseblief u kleuter se Parkielandsak na willekeur. Die kleintjies kan nog nie hulle eie sakke eien wanneer hulle dit buite hang nie.
- Linte of ietsie wat aan die handvat sel hang sal uitkenning soveel vergemaklik. Waak asseblief net teen speelgoed wat veroorsaak dat die kinders heeltyd met die sak wil speel wanneer hulle tasse moet pak.
- **Onthou ook dat kleuters Vrydae met hulle Parkielandhempies skool toe kan kom.**

**Gesuiwerde water: Projeknommer P723**

- Parkieland voorsien gesuiwerde water van Oasis aan ons kleuters in al ons klasse.
- Ons vra 'n minimale en **eenmalige bydrae van R130** per kleuter om dit moontlik te maak vir die hele jaar se gesuiwerde water.
- Betaling moet asseblief per EFT gedoen word in die skool se rekening met die volgende verwysing:  
**FAMILIEKODE + P723**  
E-pos bewys van betaling na [karen.bothma@menlolaer.co.za](mailto:karen.bothma@menlolaer.co.za)

**Buitemuurse aktiwiteite:**

- Die kinders ontvang hierdie week hulle demonstrasielesse.
- Lesse begin formeel vanaf 24 Januarie. U kind moet ingeskryf wees alvorens hy/sy lesse mag bywoon.
- Vul die betrokke afrigter se Inskrywingsvorm in en e-pos dit vir hulle.
- **Vul ook asseblief die vormpie in wat voor in u kind se tas geplaas word sodat die Onderwyseres kan weet vir watter aktiwiteite u u kind inskryf. Stuur dit asseblief volgende Maandag terug.**

**Inskrywings:**

- Ons het nog plek beskikbaar by al ons groepe. Indien u weet van iemand wat graag die spasies wil vul, moet hulle asseblief met die kantoor kontak maak.

### Riglyne:

- Onthou asseblief om u riglyne-skeurstrokie terug te stuur skool toe.

### Pretloop: Donderdag 24 Februarie 2022 om 17:45: Projekkode vir inbetalings: P729:


- Die jaarlikse Pretloop is die hoogtepunt in u kleuter se jaar, en is 'n heerlike saam-kuier geleentheid op die Rugbyveld. Let net daarop dat Covid regulasies en protokol geld.
- Bring u piekniekmandjie en stapskoene saam!
- U kan kos direk by die Snoepie bestel vir die aand van die Pretloop. Ons sal volgende week 'n bestellys uitstuur sodat u kan sien wat beskikbaar is, en u bestelling plaas tesame met u betaling.
- **U ontvang vandag u kleuter se borgvorm.** Dit moet asseblief weer op **Maandag 21 Februarie 2022 terug wees by die klasonderwyseres.**
- Peuters wat nie in Parkieland is nie, asook Laerskoolkinders is welkom om ook deel te neem. Daar gaan vir hierdie deelnemers ook medaljes wees. Die koste per peuter/laerskoolkind is **R50. Vul dan asseblief die meegaande inskrywingsvormpie in en handig dit saam met die betaling Woensdag 2 Februarie 2022 by die klasonderwyseres in, sodat die medaljes bestel kan word.**
- U kan in gedagte hou dat 'n Gr 00-kleuter soms tot 20 rondtes 'n uur kan stap. (Die baan is 200m lank.)
- U borg u kleuter 'n minimum van **R5 per rondte of gee 'n donasie.** Ons mikpunt is om 'n minimum van R250 per kind in te samel.
- Die borggeld en donasiegeld word eers na afloop van die Pretloop inbetaal - ons tel eers die rondtes en stuur dan die borgvorm aan u terug.
- **Parkieland-kleuters en peuters stap gratis** en ontvang water-ysies, 'n medalje en later ook 'n sertifikaat.
- Laerskoolkinders en peuters betaal 'n **R50** inskrywingsfooi en ontvang ook ysies en 'n medalje.
- Die Vrydag na afloop van die Pretloop stuur ons die sertifikate en die borgvorm met die bedrag betaalbaar huis toe.
- **Woeker asseblief met u kleuter se borgvorm, dit is ons skool se grootste fondsinsameling vir die jaar.**
- Die Ouerkomitee sal hulle fondsinsameling later in die jaar loots.

Ons sal nader aan die datum die program en meer besonderhede aan u deurgee.

### Gedagte vir die week:

"Dit is nie wat jy doen wat jou waarde gee nie. Dit is wíe jy is, wat waarde gee aan dit wat jy doen."

Vriendelike Parkielandgroete.



RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



Laerskool Menlopark: Pre-Primêr

**PARKIELAND PRETLOOP 2022  
LAERSKOOL- EN PEUTERINSKRYWINGS**

NAAM VAN KLEUTER \_\_\_\_\_ KLAS \_\_\_\_\_

ONS GAAN DIE PRETLOOP BYWOON:      JA / NEE

ANDER KINDERS WAT STAP:	NAAM	BEDRAG @ R50
• LAERSKOOL BOETIES/SUSSIES	_____	_____
	_____	_____
• JONGER PEUTERS	_____	_____
	_____	_____

**BETALING MOET ASSEBLIEF DIE INSKRYWING VERGESEL. BETAAL ASSEBLIEF IN VOOR WOENSDAG 2 FEBRUARIE.**

**PARKIELAND KLEUTERS EN PEUTERS BETAAL NIE 'N INSKRYWINGSFOOI NIE.**

HANDTEKENING: \_\_\_\_\_

**Daar is vandag 'n skeurstrokie voorin u kind se tas geplaas.**





# Welkom Parkieland maats!



Parkieland is pret!



Juffrou is so gaaf en liefdevoll! Ek geniet dit by my skool!

Ons speel so lekker by die skool!

